Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

21 April 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Tommy Bezuidenhout 0828866822
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK B

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Emeritaatsversorging

WOORDBEDIENING

Joh. 20:19-29 (83 AV)
Kernverse: Joh. 21:27-28 (83 AV)

Tema: Jesus se spesiale moeite vir 'n twyfelaar

- Het jy ook al soms getwyfel in jou geloof?
-
- Jesus openbaar hier vir ons iets van God se omgeehart... ook vir twyfelaars.

Daar was verskeie gelowiges wat die Sondag van Jesus se opstanding getwyfel het. (Mark. 16:11, Luk. 24:11, Luk. 24:22-24, Joh. 20:25).
Jesus verskyn aan die ander dissipels en hulle glo (v. 19-23).
Thomas was egter nie daar nie (v. 24).
Die ander dissipels probeer Thomas oortuig (v. 25).
Thomas is nog nie op dieselfde bladsy nie (v. 25).

- Nie totaal ongelowig nie... maar die opstanding kon hy nog nie aanvaar nie...
- Sy sonde... hy stel 'n maatstaf waarvolgens hy sal glo.
- Die Skrifgeleerdes, Fariseërs en baie ander Jode stel ook maatstawwe waarvolgens hulle sal glo... hulle soek ook tekens (Mat. 12:39, Joh. 2:18).
  Thomas se twyfel is nie vyandig en uitdagend nie... hy soek net antwoorde.
- Verskil tussen gesonde twyfel en ongesonde twyfel.
  Jesus se spesiale moeite met Thomas (v. 27).
  Thomas se reaksie (v. 28).
- Jesus is my Here, en my God!
- Sy twyfel lei tot geloofsgroei.
  Wat van ons vandag wat nie kan sien en kan vat soos Thomas nie?
- Gelukkig is die wat nie gesien het nie, en tog glo? (v. 29).
  Hoe neem God ons twyfel weg? Deur die die getuienisse van hulle wat wel gesien het, en ons daarvan te oortuig deur sy Gees!

VERJAARSDAE:

21 Apr Sanet Fritz (Belydend) (haar suster Anet se nr)	0844256107
21 Apr Alida Le Roux (Belydend)	0169762443
21 Apr Danika Pottas (Doop)	0784237371
23 Apr Chris Kotze (Belydend)	0715702823
24 Apr Jan Harm Koekemoer (Belydend)	0832852290
24 Apr Marlize Pottas (Belydend)	0784237371
25 Apr Eddie Ferreira (Belydend)	0169732060
27 Apr Therese Human (Belydend)	0169728000

So ietsie oor ons erediens

Het jy geweet ons erediens is eintlik 'n dialoog met God? Dit is ook die almagtige God se amptelike ontmoeting met sy volk!

Dit is wat elke Sondag gebeur in ons erediens:

- Ontmoetingsdiens: In die eerste gedeelte van die erediens ontmoet God ons, en ons ontmoet Hom. Ons ontmoet ook mekaar. Dit bestaan uit die volgende elemente:

    - Votum: Ons begin deur vir die Here te sê hoe afhanklik ons van Hom is.
    - Seëngroet: Daarna antwoord die Here ons met sy heerlike seën.
    - Lofprysingslied: Wanneer ons so voor die almagtige, heilige God, amptelik verskyn, en ons hoor hoe Hy ons seën, dan kan ons nie anders as om spontaan in lofprysing uit te breek nie.
    - Geloofsbelydenis: Ons is saam in die erediens vanweë ons gemeenskaplike geloof. Ons bely nou teenoor God, en teenoor mekaar, en teenoor die wêreld, wat die belangrikste sake is wat ons glo, wat die Bybel ons leer.
- Verootmoedigingsdiens: Wanneer ons intiem, naby God wil wees, en met Hom 'n dialoog wil voer, dan kan dit nie behoorlik gebeur as daar nog sonde tussen ons en God staan nie. Ons moet dit eers in kleinheid voor die Here ondersoek en bely. Dit is daarom gepas dat mens hierdie tweede deel van die erediens sit, omdat dit ons kleinheid of verootmoediging voor God simboliseer. Die verootmoedigingsdiens bestaan uit die volgende elemente:

    - Die wet: Ons begin die tweede hoofdeel van die erediens deur eers te luister na God se wet, of 'n ander riglyn vir ons dankbaarheidslewe, sodat ons opnuut herinner kan word wat God se eis vir ons lewe is, en sodat ons ons eie lewens daaraan kan meet. Hier praat God met ons oor ons lewe.
    - Lied van skuldbelydenis: Ons antwoord God, deur 'n lied van skuldbelydenis te sing. Wanneer ons so ons skuld voor God bely, dan mag ons ook vergifnis en versoening met God beleef. Party verse van die liedere wat ons hier sing praat ook alreeds van hierdie vergifnis en versoening.
    - Gebed: Die gebed is steeds deel van ons klein wees en verootmoediging voor God. Ons praat ook met God in verwondering deur Hom te loof. Verder bely ons ons skuld en vra om vergifnis. Ons doen ook in afhanklikheid voorbidding vir sake. Ons vra ook altyd hier vir die leiding en verligting van die Gees, voor ons met die Woorddiens begin.

- Die Woorddiens: God praat nou met ons uit sy Woord. Die Woorddiens bestaan uit die volgende elemente:

    - Lied: Ons sing gewoonlik eers 'n lied wat ons gedagtes begin rig op die Woord wat kom, of waar ons ons begeerte uitspreek om die Woord te hoor.
    - Skriflesing: Dit is die hoogtepunt van die erediens, as God Self met ons praat deur sy Woord.
    - Preek: In die preek word God se Woord vir ons verklaar, en prakties toegepas. Ons neem aktief deel, deur saam te luister, en dit te probeer verstaan, en in ons eie lewens toe te pas.

- Antwoorddiens: God se Woord vra van ons 'n reaksie. In die laaste deel van die erediens, antwoord ons op God se Woord. Dit bestaan uit die volgende elemente:

    - Gebed: Hier praat ons met God oor wat Hy sopas in sy Woord vir ons gesê het. Ons sê ook vir God hoe ons van nou af met ons lewens daarop wil reageer.
    - Dankoffer: Ons dank God vir dit wat ons sopas in sy Woord gehoor het.
    - Antwoordlied: Ons antwoord ook op die Woord, met 'n toepaslike lied.
    - Wegstuurseën: God stuur ons met sy seën, na die erediens van die lewe.